



Die Kerk

Daar is 'n ysbrekers wat in die yswoestyn van Antarktika deur die water en ys klief en beur. Die skip se name is Legio; aan die een kant lees ons WRK, die ander kant verkondig WCRC. Die onderskrif vertel van 'n menslike inisiatief wat hierdie wonderlike skip gemaak het. Sy hawe van oorsprong is Ekumene en sy eindbestemming is die nuwe hemel. Met 'n boeg van staal en hout word bane gebreek vir sosiale geregtigheid en humanisme. Die boeg se yster is die spykers en die hout is Golgota kruishout. Christus self is die ornamentele kop op die boeg wat alle ongeregtigheid wil bestorm.

Menslik gesproke is hierdie 'n indrukwekkende prentjie. Tog is dit totaal verkeerd. Die kerk kan nooit 'n grootheid op sigself wees nie, nooit met mense se inisiatief as verwysings-raamwerk nie. Christus kan **nie** na willekeur **ingespan** word om mense in hulle "edele" kruistogte by te staan nie. Hy is nie die vaandeldraer van menslike ondernemings nie. Geen saak met menslike oorsprong kan deur denkspronge aan God toegedig word nie.

Die kerk bly Christus se kerk. Die kerk bestaan omdat Christus geleef het, gesterf het, opgestaan het en ewig lewe. Die vele dwalinge wat daar bestaan in menslike nadenke oor die kerk, maak dit noodsaaklik vir ons om te bely soos ons bely, maar ook om te weet wat ons belydenis inhoudelik beteken. Kom ons kyk na die belydenis in detail.

Aan nie in

Tot op hede het ons bely dat ons glo "in". Op bestaansvlak het ons geloof in God bely. Ons leef nou tydens die bedeling van die Heilige Gees. Ons het ook ons geloof in die Heilige Gees bely. Nou volg dit waarvan ons oortuig is. Ons kan nie in 'n kerk glo nie maar ons kan daaraan glo dat kerk sekere betekenis het. Daarmee saam moet daar van meet af aan gestel word dat ons glo aan die kerk, wat beteken dat enige beskrywing wat volg, nie meetbaar en aanduibaar kan wees nie.

Anders gestel, om te glo aan die kerk is om sekere sake oor "kerk" te stel, sake wat nie aanduibaar is nie, maar waarvan ons oortuig is. Beide die sigbare- en onsigbare kerk word by hierdie belydenis ingesluit. Net omdat mense na sekere aspekte van ons kerk kan kyk en daarmee fout vind, beteken dit nie dat ons moet ophou glo of ons geloof moet wysig nie. Die feit dat ons "aan" die kerk glo, beteken dat ons glo dat daar 'n werklikheid is, 'n ideaal is en 'n roeping is. Die werklikheid van die kerk as grootheid naas en teenoor ons, is steeds nie ten volle onder woorde gebring nie. Ons het die ideaal om hierdie grootheid na te streef en ons het die toepas van ander se verstaan as toepassing en gegewe werklikheid.

Die geloof wat ons bely, het te make met 'n geestelike werklikheid. Ons is geroepe daartoe om met oortuiging aan sekere sake vas te hou, al lyk die 'kerk' soveel anders as wat ons glo en bely. Die geloof wat ons bely, maak dat ons ook positief sal bly oor kerk, veral in tye

van aanslae en swakheid. Die kerk is kerk van Christus. Christus leef en sal daarom seker maak dat die kerk nie tot 'n einde kom nie, selfs al kan denominasies ophou bestaan. Nie een van die sewe gemeentes in Klein Asië wat in Openbaring genoem word, bestaan meer nie. Tog bestaan die kerk nou al vir eeue.

Die onderskeid tussen sigbare en onsigbare kerk moet nooit oorspeel word nie. Die vertaling van *ἐκκλησίας* met "kerk" en 'gemeente' wys op die uitruilbaarheid van die terme. Kerk en gemeente is sinonieme en n gemeente is kerk in die volle sin van die woord. Wat met ander woord oor 'kerk' gestel word, is net so van toepassing op 'gemeente'.

Kerk

Daar is ten minste twee moontlike stamwoorde wat aangebied word as oorsprong vir die woord 'kerk'. Aan die een kant is daar diegene wat suggereer dat dit verband hou met 'n verbuiging van 'kuriōs' (Κυρίος) – Here. Die kerk is inderdaad die besitting van die Here. Aan die ander kant is daar diegene wat kerk verbind met 'sirkel' (Circel). Die woord dui op 'n spesifieke begrensde ruimte, opsy gesit vir 'n sekere groep of handeling. Ook dit is waar van die kerk. Die kerk is die ruimte en groep mense wat opsy gesit is vir die HERE. Lesers moet daarop bedag wees dat vertalers die woord *ἐκκλησίας* vertaal met 'kerk' en 'gemeente'. Die woord (samestelling van 'uit - εκ' en 'roep -καλεω') *ἐκκλησίας* hou verband met die wat 'uitgeroep' is. Gelowiges is inderdaad diegene wat uit die sondige wêreld tot redding geroep is. Dit is raadsaam om nie te kies vir net een betekenisverband nie, juis omdat die kerk ook 'n komplekse entiteit is.

Die predikate¹ (algemene katolieke, apostoliese) wat gebruik word om die kerk te beskryf, kan ook nooit imperatiewe² word nie, al is skiet die kerk te kort in soveel opsigte. Die katolieke verwys na die breedte van die kerk, die heilige verwys na die (teologiese) diepte van die kerk.

Die kerk het ontstaan by die uitstorting van die Heilige Gees. Pinkster het die gelowiges uit hulle binnekamer na die wêreld gestuur. Met Pinkster is die Apostels se harte, denke en monde gevul met die heilsaamheid van die Christusgebeure.

God stig die kerk te midde van die geskiedenis en dan beweeg die kerk saam met die mensdom deur die geskiedenis. Dit beteken wel ook dat die kerk deur die geskiedenis gevorm (en soms selfs vervorm is). Tog bly dit kerk van Christus. Christus regeer sy kerk. Na al die menslike magsvergrype bly dit steeds bruid van Christus. Kerk kan

¹ Volgens WAT: logika) Eienskap of verhouding rakende die onderwerp van 'n proposisie (PROPOSISIE 4): 'n Proposisie (bestaan) uit 'n predikaat en een of meer argumente (onderwerpe) ... Die proposisie "Driena is mooi" bevat ... die predikaat "is mooi" en die argument (onderwerp) "Driena" (H. Waher: Chomsky, 1984, 31). In die deskriptiewe frase (Die huidige koning van Frankryk is getroud) is 'n aantal eienskappe of predikate losgemaak van die bestaan (A.M.T. Meyer: Sisteem, 1959, 15). b Eienskap of waardeoordeel:

² (taalkunde) (Latyn) Gebiedende wyse van 'n werkwoord; werkwoord van gebod; werkwoord (vorm) wat die gebiedende wyse aandui, waardeur bevel of versoek word dat iets werklikheid sal word of ook 'n aansporing en vermaning uitgedruk word: Die imperatief wees in: "Wees 'n man!" Onderstreep op bladsy 90 al die imperatiewe. 2 (filosofie) (Sede)wet, (sede)gebod: Die besliste, kategoriese karakter van die etiese imperatief. Kategoriese imperatief (van Kant), onvoorwaardelike sedegebod, hoogste sedewet, afgeskei van elke neweoorweging en onafhanklik van alle gevolge wat daaruit kan voortvloei;

nooit op die pad van die **demokrasie** homself begewe nie. Die kerk kan ook nie deur een persoon bestuur word nie. God regeer deur Woord en Sakrament. Die kerk is 'n tussenverskynsel, dit is 'n voorlopige maatreël. Tussen hemelvaart en wederkoms is die kerk 'n tussentydse maatreël. Die kerk is simbool van God se geduld. Dit is waar op meer as een vlak. Eerstens is die kerk die simbool van God se geduld, gewoon omdat die kerk bestaan. Daarmee saam is die kerk teken van God se geduld omdat daar na mense uitgereik word. God het ook geduld met diegene wat die Evangelie wil verketter. Kerk is teken van genadige geduld. Die kerk is die instrument van keuse; God kies om die Evangelie te versprei deur mense te gebruik. Hy rus hierdie mense toe en orden hulle op 'n besondere manier, dit is kerk.

Die kerk dra deur al die eeue steeds dieselfde boodskap van genade. Hierdie boodskap is in die Bybel neergepen. God gebruik die kerk, die kerk gebruik die Bybel as instrument om dieselfde eeue oue boodskap van vergifnis te verkondig. Die kerk se wese en opdrag is ten diepste met mekaar verweef. Die kerk verkondig en dit is ook die opdrag om te verkondig dat Jesus die Here is. Die ruimte van gelowiges wat kerk genoem word, se opdrag is om al hoe meer in die ruimte in te roep deur prediking en uitdeel van sakramente. Dit moet die kerk doen totdat die ruimte ophou bestaan (wederkoms). Die finale doel van die kerk is om oorbodig te wees. Die kerk kan dit nooit uit eie wese bereik nie, die kerk kan maar net uitsien na die wederkoms en daarheen werk (deur te verkondig).

Woordverkondiging is sentraal tot die wese van die kerk. Sosiale aktivisme, barmhartigheidsdiens, kultuurwerk of enige ander sosiale interaksie is van sekondêre belang vir die kerk.

Een

Daar is verskeie perspektiewe op hierdie saak. Die ekumene beweging sou graag op hierdie woord wou klem plaas en stel dat organisatoriese eenheid 'n opdrag en 'n saak van geloof is. Dit is nie noodwendig verkeerd om op een saak die klem te plaas en dan vanuit daardie klem te redeneer nie. Die vraag is net of daar in die belydenis sprake is van organisatoriese eenheid al dan nie. Die kinkel in die kabel is dat die wese van die woord 'een' beredeneer moet word. Waar is die "een" ter sprake. Gaan dit oor 'n oorhoofse ekumeniese administrasie onder een naam? Lei die belydenis ons tot daardie eenheid as ideaal nastreef, selfs al is dit geografies, kultureel en andersins menslik haas onmoontlik? Is die leidraad wat ons vind in die woorde "gegrond op die leer van die Apostels" nie juis aanduiding dat die eenheid in teologiese terme gevind moet word nie?

Dit is een kerk omdat daar een Here is, een Christus is. Die kerk as liggaam van Christus kan nie anders as om een te wees nie. In Christus is die kerk een. Menslik gesproke is daar verskillende denominasies, verskillende tale, verskillende volkskerke. Die bepalende is nie die menslike werklikheid nie, maar die sin Gewer naamlik Christus. Buite Hom om kan daar geen eenheid wees nie. Hy is die middelaar en die middelpunt.

Heilige

Heilig verwys na dit wat aan God toegewy is. Die kerk is heilig nie uit eie wese of oortuiging nie, maar juis omdat dit God se kerk is. Die kerk is ook die ruimte waarbinne samesyn met God moontlik is. Die Roomse kerk stel “*in ecclesiam salus est*”, terwyl die Reformasie stel “*extra ecclesiam non salus est*”. Rooms – in die kerk is die heil. Protestante – buite die kerk is daar nie heil (moontlik) nie. Beide stel die saak baie duidelik en dit is dat die kerk die ruimte van die Heilige God is. Dit is die Woord wat red, in die kerk word die Woord verkondig en die sakramente bedien, hierdie aktiwiteite wek geloof in mense se harte en dit bring mense by die saligheid uit. Sonder die kerk sou die ganse mensdom verlore gewees het. Om geheilig te wees, beteken om uitgeroep en afgesonder te wees. Dit is alles deel van die kern van die kerk se bestaan.

Die kerk as heilige entiteit kan nie juridies verstaan word nie. Geen regspraak het die kerk heilig verklaar nie. Die heiligheid van die kerk is ook nie ’n ontologiese saak nie. Die kerk is heilig omdat die kerk aan God behoort, vir God afgesonder is, deur God regeer word. God maak die kerk heilig in Christus. Die kerk kan dan nooit ’n eie grootheid wees nie, Christus bepaal die kerk.

Die kerk is ook heilig omdat die kerk Christus se liggaam is. Christus identifiseer sò met die kerk dat Hy aan Paulus stel; “waarom vervolg jy My?”. Dit terwyl Paulus die kerk vervolg het.

Die kerk is heilig in terme van oorsprong en bestemming, afgesonder deur God vir diens aan God. Enige persoon wat

die heiligheid wil inperk tot sedelike uitsprake, wil terugval in die moralisme van die wet. Kerk is heilig op grond van God se goedgunstigheit, nie omdat dit ’n ingebore eienskap is nie.

Algemene - (katolieke)

Daar bestaan baie verwarring by mense oor hierdie saak. Dit spruit onder andere uit die selfbenaming van die Roomse kerk. Die Roomse kerk het daarin geslaag om mense in die gewoonte te laat kom om na hierdie kerk te verwys as die Rooms-Katolieke-, of net as die Katolieke kerk. **Dit is ’n mistasting.** Die woord: “Katoliek” verwys nie na ’n besondere denominasie hier op aarde nie. Die kerk met ’n hoofsetel in **Rome**, is die **Roomse** kerk. Maar wat beteken “katoliek” dan?

Katoliek verwys nie na die uitbreiding van die kerk oor die ganse wêreld heen nie. Hierdie belydenis oor die kerk was van meet af aan een van die aspekte wat bely is. Katoliek kan daarom nie geografies verstaan word nie. Dieselfde geld enige verstaan van tyd. Die katolieke kerk bestaan oor eeue heen.

Katoliek verwys ook nie na taal, liturgie of enige ekumeniese struktuur nie.

Ignatius van Antiochië het gestel dat die katolieke kerk is daar waar Christus is. Die moontlikheid dat daar op enige plek twee of meer in sy naam kan vergader, skimp na die betekenis van “katoliek”. In Christus word alle gelowiges saam verbind tot ’n eenheid. Hierdie algemene versameling van gelowiges is die katolieke kerk. Kerkwees is ’n gawe van God en daarom moet ons “katoliek” verstaan as ’n term wat geestelike diepte aandui en nie bloot meganies verstaan kan word nie.

So verstaan verwys “katoliek” nie na ’n internasionale organisasie nie, maar ’n geestelike versameling van uitverkorenes wat versprei is oor tyd en ruimte heen.

Apostolies – (Gegronde op die leer van die Apostels)

Die suiwere inhoud van die Bybel moet uitkom in die suiwerheid van die kerk. Die kerk moet die boodskap van die Evangelie getrou verkondig. Daar is geen ander bron vir die kerk om navraag te doen oor sy eie wese en oorsprong as net die Bybel nie. Die kern van die Evangelie is die kerk se waarborg dat hy getrou bly aan sy taak en roeping. Om af te wyk van die suiwere boodskap, is om die kerk menslike inisiatief te maak en dan sal dit gebeur dat daar geen plek in die kerk is vir God self nie.

Gemeenskap van heiliges – gemeenskap van heilighede

Die byvoeging van die “gemeenskap van heiliges” lyk vir baie om bloot herhaling te wees. Van Niftrik maak in sy boek, “Kleine Dogmatiek” tog die punt dat die Latyn teks na twee kante sny en dat die twee sake met mekaar verband hou. Die teks van die Heidelbergse Kategismus blyk ook die twee sake saam te interpreteer.

Dit gaan nie net om die saamwees van die mense wat gered is (heiliges) in die kerk nie, dit gaan ook oor die saam deel in die heilige sake (dinge) wat aan gelowiges toevertrou is. Woord en Sakrament is die geheiligde instrumente in die kerk. Dit sou dan nie verkeerd wees nie om die verwysing na “*sanctorum communionem*” te verstaan as die deelname aan die sakramente en mekaar.

Die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit so:

Belydenisskrifte

Die NGB stel die volgende: *Artikel 27 DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK* Ons glo en bely ’n enige katolieke of algemene kerk, ’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is ’n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms ’n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot ’n sekere plek of sekere persone nie, maar is die oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig.

Artikel 28 ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering ’n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk

afskai of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

Die Heidelbergse Kategismus stel: *Sondag 21: 54 Vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly. 55 Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges? Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal*

saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

Nicea stel: *in unam catholicam atque apostolicam Ecclesiam* (Latyn). *εἰς μίαν ἁγίαν καθολικὴν καὶ ἀποστολικὴν ἐκκλησίαν* (Grieks):

Apostoliese belydenis stel: *”sanctam Ecclesiam catholicam, sanctorum communionem”*